# <u>Aflewering 4 - Die Wederkoms deel 2 (02-05-2025)</u>

<u>Wat het nou al gebeur?</u>

1. Die eertse dier het uit die see gekom.
2. Die tweede dier het uit die aarde gekom.
3. Die mense was deur die tweede dier gedwing om die eerste dier te aanbid en die wat dit nie gedoen het nie is vervolg.
4. Die wederkoms gebeur en Hy stuur sy engele uit om sy uitverkorenes te gaan haal uit die vier windstreke van die aarde.

- <u>Wat was die doel van die eerste koms? Om Jakob van hulle sonde te verlos.</u>
- <u>Wat was die doel van die tweede koms? Om Jakob van hulle vyande te verlos en hulle die Koninkryk van God te laat erwe, saam met hulle oudste Broer, Yahshua.</u>

***Jeremia** 31:1-40  In dié tyd, spreek die HERE, sal Ek vir al die geslagte van*
*Israel 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.  (2)  So sê die HERE: Die*
*volk van diegene wat van die swaard vrygeraak het, het genade gevind in die*
*woestyn, op weg om sy rus te geniet, naamlik Israel.  (3)  Die HERE het aan*
*my verskyn uit die verte: Ja, Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde; daarom*
*het Ek jou getrek met goedertierenheid.  (4)  Ek sal jou weer bou, en jy sal*
*gebou word, o jonkvrou van Israel! Jy sal jou weer versier met jou*
*tamboeryne en uittrek in die koordans van die spelers.  (5)  Jy sal weer*
*wingerde plant op die berge van Samaría; die planters sal plant en die vrugte*
*geniet.  (6)  Want die dag is daar dat die oppassers op die berge van Efraim*
*roep: Maak julle klaar en laat ons optrek na Sion, na die HERE onse God.  (7)*
*Want so sê die HERE: Jubel oor Jakob van vreugde, en juig oor die hoof van*
*die nasies; laat dit hoor, sing lof en sê: o HERE, verlos u volk, die oorblyfsel*
*van Israel!  (8)  Kyk, Ek bring hulle aan uit die Noordland en sal hulle*
*bymekaar laat kom uit die agterhoeke van die aarde; blindes en lammes,*

*sangeres en barendes onder hulle, almal saam; in ‘n groot vergadering sal hulle terugkom hiernatoe. (9) Hulle sal kom met geween, en met smekinge sal Ek hulle lei; Ek sal hulle bring by waterstrome, op ‘n gelyk pad waarop hulle nie sal struikel nie; want Ek is vir Israel ‘n Vader, en Efraim is my eersgeborene. (10) Hoor die woord van die HERE, o nasies, en verkondig in die kuslande wat ver is, en sê: Hy wat Israel verstrooi het, sal hom vergader en hom bewaak soos ‘n herder sy kudde. (11) Want die HERE het Jakob losgekoop en hom verlos uit die hand van hom wat sterker was as hy. (12) En hulle sal kom en op die hoogte van Sion jubel en toestroom na die seëninge van die HERE, na die koring en die mos en die olie en na die jong skape en beeste; en hulle siel sal wees soos ‘n welbesproeide tuin, en hulle sal verder nie meer kwyn nie. (13) Dan sal die jonkvrou haar verheug in die koordans, ja, die jongmanne en die oues tesame; en Ek sal hulle rou in vreugde verander en hulle troos en hulle tot blydskap bring uit hulle kommer. (14) En Ek sal die siel van die priesters verkwik met vettigheid, en my volk sal versadig word met my seëninge, spreek die HERE. (15) So sê die HERE: ‘n Stem word gehoor in Rama, geklaag, bitter geween; Ragel ween oor haar kinders; sy weier om getroos te word oor haar kinders, omdat hulle daar nie is nie. (16) So sê die HERE: Bedwing jou stem van geween en jou oë van trane; want daar is loon vir jou arbeid, spreek die HERE; en hulle sal uit die land van die vyand terugkom. (17) Ja, daar is verwagting vir jou nakomelinge, spreek die HERE; en die kinders sal terugkom na hulle grondgebied.* ***(35)*** *So sê die HERE wat die son gee tot ‘n lig oordag, die ordeninge van die maan en van die sterre tot ‘n lig in die nag; wat die see in beroering bring, sodat sy golwe bruis, HERE van die leërskare is sy Naam: (36) As hierdie verordeninge voor my aangesig sal wyk, spreek die HERE, dan sal die nageslag van Israel ook ophou om ‘n volk te wees voor my aangesig vir altyd. (37) So sê die HERE: As die hemele daarbo gemeet en die fondamente van die aarde daaronder nagespeur kan word, dan sal Ek ook die hele nageslag van Israel verwerp weens alles wat hulle gedoen het, spreek die HERE.*